NG Kerk Vandermerwe

Webtuiste: www.ngkerkbonnievale.co.za

Baie welkom by die Erediens - 1 Maart 2015

Sondag 1 Maart

99:30 EREDIENS - Ds Jakkie
Tema:1 Pet 3:13-22 “Gereed met 'n antwoord”
9:30 JEUGKERK & Kategese - Ds Willem
Deuroffer: Dienssentrum
Gasvryheid: Wakkerstroom

Kleuterkerk (Marianté vd Merwe) - Nuwe kinders welkom, ook Mammas wat vir die eerste paar kere wil bly.

18:00 Amos ondersteuning
19:00 “A Biblical Portrait of Marriage” - Huwelikskursus

Volgende Sondag 8 Maart

9:30 EREDIENS & Jnr. Kategese - Ds Willem
GEMEENTEVERGADERING
Deuroffer: Getuienis

19:00 “A Biblical Portrait of Marriage” - Huwelikskursus

Hierdie week 2 - 6 Mrt

Wo. 4 Maart
9:00 Vrouebybelstudie - Studie 16
Wyksbyeenkomste - Ds Jakkie
18:30 Van Zylstraat
19:30 Gelukshoop
Wyksbyeenkomste - Ds Willem
19:00 Buitesingel
20:00 Maraisdal

Do. 5 Maart
19:00 Wêreldbiddag vir Vroue

Sa. 7 Maart
8:00 - 9:30 Wêreldbiddag vir Mans - ontbyt by De Rust Lodge

Wereldbiddag/ontbyt vir manne : Saterdagoggend 7 Maart om 08h00-09h30 by De Rust Lodge. Aangesien ‘n ontbyt aangebied word, moet name voor Vrydag by die kerkkantoor ingehandig word. Ons mikpunt is ten minste 50 manne wat gaan saamkom en saambid oor kritiese sake wat ons raak!

Ons nooi alle vroue van Bonnievale uit na ons **Wêreldbiddag vir vroue op Donderdagaand om 19h00 – 20h00.** Bring ook vriendinne van ander kerke saam! 'n Deurkollekte sal opgeneem word, wat gebruik word vir allerlei verdienstelike sake maar hoofsaaklik vir Bybelverspreiding.
Ons soek ASSEBLIEF Hibiskusse of Frangipani’s vir die Wêreldbiddag. Almal wat 'n hibiscus of frangipani in hulle tuine het (met mooi blomme aan) bring asb deur die loop van Donderdagoggend vir ons 'n takkie of 2 daarvan kerkkantoor toe. Ons sal daar emmers met water hê om dit in te sit.

Helena de Wet soek 10c grootte skulpies (of kleiner) vir die Wêreldbiddag vir vroue. Dit kan by haar huis of by die kerkkantoor afgesit word. Tel. 083 603 2971

Wêreldbiddag
vir mans & vroue

- Tree by die Here in vir:
  Marie Du Toit gaan hierdie week vir 'n operasie, Aida Van Niekerk se suster is oorlede
- Gelukwensing: Baie geluk aan Frans en Isolde Viljoen met die geboorte van hulle baba-seuntjie, Francois

Ons Bid vir:

- Loof God wat as Vader jou in Sy groot liefde gevorm het om te kan lewe!
- Aanbid Jesus Christus wat as die Lydende Kneg vir ons kom leer het hoe om as Sy volgelinge in God se Koninkryk te lewe!
- Dank die Heilige Gees deur wie ons God Drie-enig se teenwoordigheid kan beleef en uitleef!
- Vra dat hierdie Here ons instaat sal stel om in Hom rus te vind.
- Bid vir die proses in ons harte en in ons gemeente rondom die stemproses i.v.m. Artikel 1 en die Belydenis van Belhar.
- Dra die Snr. Jeugkamp e.k. naweek aan die Here op!

WYSIGING VAN ARTIKEL 1 VAN DIE KERKORDE:

Tydens die kerkraadsvergadering van 11 Feb. het die kerkraad die aanbeveling van die sinode dat artikel 1 gewysig moet word, gesteun. Hierdie wysiging is dat die Belhar Belydenis as 'n opsionele, nie-afdwingbare belydenisskrif aanvaar moet word. Dit wysiging gee dus lidmate die geleetheid om self te besluit of hulle hierdie belydenisskrif wil aanvaar of nie. *(Inligting is ook by Kerkkantoor beskikbaar).* Tydens 'n gemeentevergadering – na afloop van die oggenderediens van 8 Maart - sal die gemeente geleentheid kry om hieroor te stem. Indien iemand nie hierdie oggend kan bywoon nie, kan hy/sy hul stem gaan uitbring by die kerkkantoor op 5-6 Maart. *Die stembriefie sal ag volg lyk:*

VOORBEELD

STEMBRIEF - NG VANDERMERWE, BONNIEVALE

	JA, ek verleen my instemming met die VOORSTEL VAN DIE KERKRAAD dat die nuwe Artikel 1 van die *Kerkorde* by die volgende kerkraadsvergadering GOEDGEKEUR WORD. (JA, ek stem saam met die Kerkraad)
	NEE, ek verleen NIE my instemming met die VOORSTEL VAN DIE KERKRAAD dat die nuwe Artikel 1 van die *Kerkorde* by die volgende kerkraadsvergadering goedgekeur word NIE. (NEE, ek verskil van die Kerkraad)

Wintermark 2015

Ons is alreeds hard aan die beplan aan ons Wintermark 2015 en ons wil hierdie jaar groter gaan as ooit vantevore!!

Ons doen nou al 'n beroep op lidmate om ASSEBLIEF vir ons te help in julle bydraes en beplanning met veral GEVRIESDE GEREGTE, POEDINGS EN GEBAK!! Daar sal binnekort begin word om te kollekteer vir die wintermark. Indien dit om een of ander rede so kom dat niemand by jou kollekteer nie – bied asseblief self jou gawe, jou dienste en jou bydrae aan! Ons het jou regtig nodig en dit is baie hartseer as jy jou gawe terughou omdat niemand dit kom vra of kom haal het nie. Ons sal nietemin poog om na die beste van ons vermoë by almal uit te kom. Weet net, sonder jou gawe en/of dienste in ons regtig armer en ly die saak!

Snr Jeugkamp 6-8 Mrt te Utopia. Vir alle Gr. 7-12 leerders! Onthou om voor of op Maandag 2 Maart in te skryf!

Oesdankfees – 22 Maart

Tydens die oggenderediens gaan ons die geleentheid kry om op 'n tasbare wyse vir die Here dankie te sê vir al Sy seëninge en sorg in ons lewe. Alhoewel ons nie almal boere is wat fisies oes nie, deel ons almal in soveel geestelike oeste, waarvoor ons maar net kan dankie sê. Die diakens sal koevertjies uitdeel en weer kom haal, sodat die wyk se bydrae in 'n houer, deur 'n wyksverteenwoordiger, na die "altaar" gebring kan word.

Kontak asb vir Gerda Joubert as jy kan help bak vir die GEBAKTAFEL vir die Wintermark. Gerda: 082 829 1856

HERFSVREUGDE KLEREKAS
28 Feb. Sa. Oggend - Lettie Viviers
2 Mrt Ma. - Santie Marais
7 Mrt Sa. - Denise Veldsman

Ons kort dringend inkopie sakke, kinderklere en kinderskoene, ook SKOOLKLERE, beddegoed, handdoeke, gordyne, dames somerskoene en mansskoene ASB!!!!

Lofprysingsaand met Jan de Wet vind plaas op Sondagaand 15 Maart 2015 om 18:30 in die Kerkgebou van die NG Kerk Robertson-Oos.
Kom deel in hierdie spesiale geleentheid. Toegang is gratis, maar 'n deurkollekte sal opgeneem word.

Die Pippie-boek oor die ware verhaal van die dogtertjie wat so 'n paar jaar gelede erg verbrand het, en ons almal aan die hart gegryp het, is beskikbaar by die kerkkantoor teen die spesiale prys R25. Lees gerus die aangrypende verhaal van haar ma Anice en die dokters wat met haar gewerk het.

Bybelstudie - Die Impak van God se wil

Vrouebybelstudie: Wo 4 Mrt - Studie 16
Mans/werkende vroue: Di. 10 Mrt - Studie 16

Vrouediens flessie week 2 - 6 Maart 2015

Kuns- en Handwerk uitstalling van plaaslike kunstenaars, aangebied deur die VLV.
Wanneer: Di 24 Maart 2015 om 19:00
Waar: Maria Beukmansaal
Kaartjies: R50 by Elizabeth Basson (023 616 3125, Hoofstr. 94)
Ligte verversings en toneelopvoering deur Vangnet-projek-lede.

Die Vangnet-projek
het ‘n kontrak vir die maak van poppe gekry en het **SLEGS** groot plat eierdose en 5 liter waterbottels nodig. **Asb. geen 2 liter koeldrank bottels, pille houertjies en klein eierdosies nie!!**

WINTERMARK - GROEPVERGADERINGS

Vergaderings vir tafelgroepe vir Wintermark 2015 word in sysaal gehou, Ouderlingsvroue en Diakenvroue moet asseblief seker maak waar hul wyk ingedeel is en wanneer hul groep se vergadering gehou word. Dis baie belangrik dat elke wyk asseblief die vergadering sal bywoon

DATUM	WYKE	TYD	TAFEL	SAMEROEPSTER
9 Maart 2015	Hoopstraat	**14.45**	GEBAK	Gerda Joubert
	Merwespont			
	Pastoriewyk			
	Bergsig	**15.45**	ETE	Petro Wolfaardt
	Boesmansdrift			Vrouedienskomitee
	Gelukshoop			
	Hooggelegen			
	Maraisdal			
	----	**17.00**	VROUETAFEL	Surene Bruwer
10 Maart 2015	Akasialaan	**14.45**	ROOI TEEPOT	Ems vd Merwe
	Kareelaan			
	Buitesingel			
	Sentraal	**15.30**	PANNEKOEK	Annemi vd Merwe
	Sondagsnek			
	Hoofstraat			
	Wakkerstroom			
	Myrtlepark			
	Bonniepark	**16.30**	POEDING	Elsabe Pace
	Boesmansrivier			
	Vanzylstraat			
11 Maart 2015	Angora	**15.00**	VRIESKASGEREGTE	Karin Wentzel
	Sonop			
	Tuinstraat			
	Waboomsheuwel			
	Opdiekop	**15.45**	KINDERTAFEL	Helena de Wet
	Middelrivier			
	Doornkloof			
	Kruinsingel	**16..30**	TAKE AWAYS	Natasha Wentzel
	Skoolwyk			
	Boesmanspad			
	Forreststraat			
12 Maart 2015	Nordale	**15.00**	Vermaaklikheid/wyn	Maruschka vd M
	Vandermerwe		Verkope/bemarking	Mari van Zyl